higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1110**(A)**(J8)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N4

(Tweede Vraestel)

(9090154)

8 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N4
(Tweede Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Trek ALLE werk duidelik dood wat jy NIE wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord ALLE vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1

1.1 Verduidelik die volgende terme:

1.1.1 Drang (‘urge’)
1.1.2 Motief (‘motive’)
1.1.3 Dinamies (‘dynamic’)
1.1.4 Instinkte (‘instinct’)
1.1.5 Demokrasie (‘democracy’)

(5 × 2) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Drange lyk na aangeleerde gedragspatrone.

1.2.2 Basiese behoeftes is meesal biologies van aard.

1.2.3 Moedersinstink is ’n psigologiese dryfveer.

1.2.4 Gedrag word meesal deur gevoelens veroorsaak.

1.2.5 Sosiale gedrag word nie beïnvloed deur wat mense as goed of sleg beskou nie.

1.2.6 Onbewuste motivering lê gewoonlik op die oppervlak.

1.2.7 Selfaktualiserende mense lei ’n aktiewe lewe.

1.2.8 Meer studente staak hulle studies as gevolg van emosionele stres as akademiese probleme.

1.2.9 Biologiese behoeftes moet eers bevredig word voordat sosiale behoeftes sal ontstaan.

1.2.10 ’n Kind identifiseer homself net met die goeie eienskappe van sy ouers.

(10 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 Benoem die volgende soorte verdedigingsmeganismes:

1.3.1 Wanneer 'n behoefte nie bevredig kan word nie, word verligting verkry deur dit op 'n neutrale voorwerp of situasie oor te dra.

1.3.2 Die verantwoordelikhede en spanning wat volwassenheid meebring, laat mense terugkeer na die sekuriteit van hulle jeug.

1.3.3 Die mens se neiging om motiewe eie aan homself wat hy nie wil aanvaar nie aan ander toe te skryf

(3 × 3) (9)

1.4 Wat kan beskou word as die laagste vorm van teregwysing? (1)
[40]

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

Bespreek motivering onder die volgende opskrifte:

2.1 Psigologiese motivering

2.2 Sosiale motivering

(2 × 10) **[20]**

VRAAG 3

3.1 Bespreek Maslow se beskouing van selfaktualisering. (15)

3.2 Verduidelik die term *dryfkragte* ('driving forces'). (5)
[20]

VRAAG 4

4.1 Bespreek spanning ('stress') in die alledaagse lewe. (10)

4.2 Bespreek die volgende soorte aanpassingsreaksies:

4.2.1 Kompensasie

4.2.2 Rasionalisasie

(2 × 5) (10)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Bespreek kortliks die volgende basiese beginsels in die hantering van mense:

5.1 Die skepping van ’n vertrouensverhouding (‘to create a feeling of trust’)

5.2 Die kwistige gebruik van opregte waardering en aanmoediging (‘to be generous with appreciation and motivation’)

(2 × 10) **[20]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou